Paul Roos Gimnasium

Afrikaans Huistaal Graad 8

Lang skryfstuk: Twee periodes (in die klas)

Punte: 40

Opgestel deur Hesti van der Mescht

Instruksies

- **Beplan jou skryfstukke (breinkaart OF skryf, redigeer en herskryf). Jou beplanning moet ingelewer word, maar trek 'n potloodstreep daardeur sodat ek dit nie per ongeluk nasien nie!**
- **Netjiese werk en duidelike, LEESBARE handskrif tel altyd in jou guns.**
- **LET OP: Onthou om jou skryfstuk te voorsien van 'n vraagnommer en die titel soos aangedui.**

Afdeling A: Skryf 'n opstel

- **Skryf 'n opstel van 350 tot 400 woorde oor NET EEN van die volgende onderwerpe.**

1.1 Gebruik EEN van die volgende aanhalings as inspirasie vir 'n opstel:

1.1.1 As jy dink jy is te klein om 'n verskil te maak, probeer om in 'n toe kamer saam met 'n muskiet te slaap.
1.1.2 Ek het geglo ek kan ... en toe hét ek!
1.1.3 Sonder vriende kan 'n mens nie lewe nie.
1.1.4 Liewer bang Jan as dooie Jan.
1.1.5 'n Donker wolk het darem altyd 'n silwer randjie.
1.1.6 Leë vat, hou toe jou kraan; dalk sien ek jou vir 'n volle aan.
1.1.7 Geld – wat stom is – maak reg wat krom is.

OF

1.2 Kyk na die foto's en gebruik EEN as inspirasie vir 'n verhalende of beskrywende opstel.

1.2.1 Die *coolste* eend op aarde!

1.2.2 Die spookhuis

Assesseringstabel vir LU3 (skryf) 100 verwerk na 40

Kriteria	7 Uitmuntend	6 Goed	5 Beduidend	4 Voldoende	3 Matig	2 Basies	1 Ontoe-reikend
Inleiding	Uitstekende inleiding; boei dadelik; kort en kragtig of langerig maar boeiend **8-10**	Goeie inleiding; kort en kragtig of langerig maar boeiend **7-7 ½**	Goeie inleiding **6-6 ½**	Inleiding nie onmiddellik treffend of boeiend nie; nie noodwendig tersaaklik nie; te kort/te lank **5-5½**	Inleiding nie onmiddellik treffend of boeiend nie; glad nie tersaaklik nie; te kort/te lank **4-4½**	Inleiding het min trefkrag; te kort en nie tersaaklik nie; hopeloos te lank **3-3½**	Inleiding sonder impak/geen sprake van behoorlike inleiding nie **0-2 ½**
Inhoud	Besonder boeiende inhoud; volwasse insigte; uitgebreide verwysings-raamwerk **16-20**	Boeiende inhoud; volwasse insigte; goeie verwysings-raamwerk **14-15**	Redelik boeiende inhoud; 'n paar goeie idees; verwysings-raamwerk beperk **12-13**	Gemiddelde inhoud; insig nog kinderlik; goeie idees; beperkte verwysings-raamwerk **10-11**	Inhoud boei nie; insig naïef; ondeurdagte idees; beperkte verwysings-raamwerk **8-9**	Inhoud boei glad nie; baie kinderlik; idees ondeurdag; beperkte verwysings-raamwerk **6-7**	Onsame-hangend; min insig; idees ondeurdag; uiters beperkte of geen verwysings-raamwerk **0-5**
Beplanning/ paragrafering	Uitstekend beplan; paragrafering weldeurdag; tipografiese wit toepaslik gebruik; duidelike sentrale tema **16-20**	Goed beplan; weldeurdag-te paragrawe; tipografiese wit toepaslik gebruik; duidelike sentrale tema **14-15**	Goed beplan; paragraferi ng redelik maar kort aandag; sentrale tema nie deurgaans volgehou, tog boeiend **12-13**	Redelike beplanning; paragrafering kort aandag; tema nie heeltemal duidelik/deur-lopend nie **10-11**	Redelike beplanning; paragrafering kort aandag; tema verloor soms draad en boei nie tot einde nie **8-9**	Swakkerig beplan; indeling van paragrawe ondeurdag/ sinloos; geen duidelike tema nie **6-7**	Min sprake van beplanning; swak paragraferin g of alles een paragraaf; geen sprake van sentrale tema **0-5**
Taal, spelling en interpunksie	Uitstekende taalgebruik, foutlose spelwyse, interpunksie korrek **24-30**	Taalgebruik en spelling byna flatervry; goeie interpunksie **21-23**	Taal en spelling redelik/ver dienstelik; interpunksi e goed **18-20**	Taal en spelling verdag – te veel foute; nogal baie interpunksiefoute **15-17**	Taal en spelling uiters verdag; hopeloos te veel foute; baie interpunksiefout e **12-14**	Taal en spelling swak; hopeloos te veel foute; interpunksiefo ute belemmer lees en begrip **9-11**	Hopeloos te veel taal- en spelfoute; interpunksie steurend **0-8**
Beeldspraak en stylfigure	Uitstekende balans tussen letterlike en figuurlike taalgebruik; treffende beelde; **OF**: In dié opstel is dit juis die gebrek aan weelderige taal wat boei **8-10**	Baie goeie balans tussen letterlike en figuurlike taalgebruik; treffende beelde; **OF**: In dié opstel is dit die gebrek aan weelderige taal wat boei **7-7½**	Goeie balans tussen letterlike en figuurlike taalgebruik ; treffende beelde; **OF**: Eenvoudig e styl wat tog boei **6-6½**	Redelike balans tussen letterlike en figuurlike taalgebruik; redelik treffende beelde; **OF**: Eenvoudige styl wat boei **5-5½**	Min sprake van figuurlike taalgebruik; beelde swakkerig/ontoe paslik/oordrewe; sukkelende, lomp styl **4-4½**	Min sprake van figuurlike taalgebruik; beelde swak/ontoepa slik/oordrewe; sukkelende, lomp styl **3-3½**	Geen sprake van figuurlike taalgebruik; geen beelde of swakkerig/o ntoepaslik/o ordrewe; nie juis sprake van styl nie **0-2½**
Slot	Uitstekende slot **8-10**	Baie goeie slot **7-7½**	Goeie slot **6-6½**	Kan beter **5-5½**	Rond opstel nie behoorlik af nie **4-4½**	Sinloos, ondeurdag **3-3½**	Swak/nikse ggend **0-2½**